Hoe om BINGO (HOU KOERS) in Voortrekker-werk te gebruik

Graad 3 tot 12

BINGO is ’n baie gewilde speletjie wat sedert die agtiende eeu gespeel word. Daar is ’n verskeidenheid van soorte BINGO. Die algemeenste is maar ’n kans-speletjie. Elke speler ontvang ’n kaartjie met ’n verskeidenheid van syfers op. Gewoonlik bestaan die kaartjie uit 25 (5 x 5) syfers. ’n Syfer word uitgelees. Indien die syfer op die speler se kaartjie is, word ’n Bingo-skyfie op die syfer geplaas. Die eerste persoon wat vyf in ’n ry het, skreeu BINGO en is die wenner.

Die Voortrekkers maak nou ons eie BINGO-speletjies. Sodra ’n deelnemer vyf in ’n ry (langs mekaar, skuins of reg af) het skreeu die wenner HOU KOERS in plaas van BINGO.

Onderwerpe: Kenmekaar, Voortrekkerwerk

Stappe

Syfer-BINGO

1. Benodigdhede: Bingo-skyfies (ou ABC-kentekens), kaartjies met 25 syfers (5 x 5), syfervasvrae, skêr.
2. Elke deelnemer ontvang ’n kaartjie met syfers en ongeveer 12 Bingo-skyfies (kentekens). Die ses kaartjies bevat dieselfde syfers, maar is in verskillende volgorde op die kaartjie geplaas. Sny dus die A4-karton in die helfte. Daar is 25 vrae. Indien die span uit meer as ses lede bestaan, kan twee-twee saam speel.
3. Die spanoffisier lees die vraag. Die vrae kan in enige volgorde gelees word. Onthou net om af te merk watter vrae gelees word. Die antwoord op die vraag is ’n syfer. Elke deelnemer moet dan die Bingo-skyfie (kenteken) op die korrekte antwoord plaas. Die spanoffisier lees dan die volgende vraag. Hou aan totdat een van die deelnemers HOU KOERS (BINGO) skreeu. Kontroleer net of al die syfers korrek is. Die persoon is dan die wenner. ’n Persoon kan HOU KOERS skreeu as die kaartjie vyf Bingo-skyfies (kentekens) langs mekaar, skuins of ondermekaar het.

Kenmekaar-BINGO

4. Elke deelnemer ontvang ’n Kenmekaar-BINGO kaart en Bingo-skyfies (Fotostateer of druk vir elke deelnemer ’n kaart).
5. Die spanoffisier vra dan **Wie ….** het twee sussies. Een van die opsies op die kaart word gelees. Indien dit van toepassing is op die deelnemer word ’n Bingo-skyfie (kenteken) op die betrokke blokkie geplaas. Die spanoffisier hou aan vra totdat daar ’n wenner is, met ander woorde ’n deelnemer wat vyf in ’n ry (diagonaal, langs mekaar of onder mekaar) het.
6. Daar is verskeie variasies van die speletjie. Spanoffisiere kan byvoorbeeld hulle eie kenmekaarkaartjies maak of kaartjies met monumente of padkentekens.